

Hoofstuk 2.

Voorgeskiedenis, 1838 tot 1860.

2.1. Stigting en Aanleg.

Teen die einde van 1838 het Andries Hendrik Potgieter en sy volgelinge hulle langs die Mooirivier gevestig. Die Mooiriviergebied was toe reeds vir Potgieter nie onbekend nie. Voordat sy trek die Vaal oorgesteek het, het verskeie jagers en verkenners die gebied noord van die Vaal besoek en heelwat kennis van die terrein opgedoen (Voigt, 1899 Vol. 1, p.280). Potgieter self het die streek gedurende die vorige twee jaar minstens viermaal deurkruis en was daarvan oortuig dat dit die aangewese plek was vir 'n nedersetting. Ook het hy tussen Mei en November 1838, 'n kommissie gestuur om die omgewing te bestudeer en 'n geskikte plek vir die aanleg van 'n dorp uit te soek. Hierdie verkennersgroep was so beïndruk deur die waterkapasiteit van die Mooirivier en die vrugbare grond in die omgewing, dat hulle dit as die aangewese plek beskou het vir die stigting van die eerste Voortrekkerdorp in Transvaal. Met Potchefstroom as kern sou die gebied die spil uitmaak van 'n selfstandige Voortrekkerrepubliek wat Potgieter ten noorde van die Vaal wou stig. Sy ideaal was om hom sover as moontlik van Britse gesag te verwyder sodat geen bande, dus geen staatkundige of handelsbetrekkings, hom daaraan sou bind nie (Potgieter en Theunissen, 1938, p.109). Vestiging noord van die Vaal was vir hom die waarborg vir Voortrekkeronafhanklikheid.

Oor die juiste datum van dorpsstigting is geen eenstemmigheid nie. Preller en Voigt stel die datum op November 1938 (Preller, 1937, p.128; Voigt, 1899 Vol 2, p.76). Terwyl n koerantberig 30 jaar na die gebeure die datum bloot aan die jaar 1838 koppel (De Transvaal Argus, 29 Januarie 1868).

2.1.1. Verskuiwing.

In werklikheid het die aanleg van Potchefstroom teen die einde van 1840 plaasgevind, ongeveer 12 kilometer hoër teen die Mooirivier op as waar die dorp vandag geleë is. Die maklike uithaal van water uit die rivier het die kommissie op hierdie bepaalde terrein laat besluit. Dit het egter spoedig geblyk ondoeltreffend te wees vir die aanlê van n dorp as gevolg van die swak bodemgesteldheid. Oude Dorp was naamlik aangelê op n driehoekige vlei aan die westelike oewers van die Mooirivier waar die grond baie gelyk was en die natuurlike dreineringsuiters swak was. Verder was die dorp vlak geleë op die kalk en ouklipformasie van die terrein (Haasbroek 1955, p.7). Swaar reën in November 1841 het die inherente ongeskiktheid van die terrein finaal bewys en daar is op 26 November, pas n jaar na die aanleg, besluit om die dorp na n laer gedeelte, ongeveer een uur te perd, suidwaarts langs die rivier af te verskuif. Daar was die dreineringsbeter en die bodemgesteldheid meer ideaal.

2.1.2. Vestiging.

In Desember 1841 was die uithaal van 'n nuwe dorpsvoor uit die Mooirivier onder leiding van G.J. Kruger reeds klaar en die dorp is opgemeet en uitgelê deur landdros J.H. Grobler. Die nuwe dorp is vanuit die staanspoor deur die inwoners, ter ere van hulle leier, Potchefstroom genoem (Potgieter en Theunissen, 1938, p.115). Met dié stigting en vestiging het die eerste permanente sentrum van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier tot stand gekom.

Pas na die aanleg is oorgegaan tot die uitgee van erwe. Hulle is nie in die reël gratis uitgedeel nie, maar aan landsburgers, dit wil sê Voortrekkers en hulle kinders, is die geleentheid gegee om erwe binne 'n vasgestelde tyd teen 'n besondere lae prys aan te koop (Pelzer, 1950, p.24). 'n Erf is aanvanklik vir Rds 13-2-4 gekoop maar mettertyd het pryse gestyg en het erwe na gelang van hulle ligging verskillende pryse behaal. Teen 1852 is hulle teen 20, 100 en 200 Riksdalders van die hand gesit. Erwe is ook van tyd tot tyd deur die landdros per openbare veiling verkoop. Aan sekere openbare liggame soos die kerk is erwe gratis geskenk.

In hierdie vroeë stadium van vestiging was daar van 'n volwaardige dorpsgemeenskap met predikante, handelaars en onderwysers geen sprake nie. Die dorp was weinig meer as 'n versameling erwe waarop huise besig was om te verrys. Potchefstroom met sy uitstekende watervoorraad, vrugbare

grond en uitgestrekte weivelde was egter n ideale dorp vir ontwikkeling en uitbreiding en mettertyd sou n stratenetwerk, kerke, skole en besighede verrys.

Ruimte vir ontwikkeling was daar oorgenoeg want die Potchefstroomdistrik het n groot oppervlakte beslaan. Die noordelike en suidelike grense het onderskeidelik gestrek tot aan die Soutpansberg en die Vaalrivier. Die westelike grens was die kant van die Kalahariwoestyn en die oostelike grens het gestrek tot aan Renosterpoort (Van der Walt, 1920, P.220; Voigt, 1899 Vol 2, p.28). Met die verloop van tyd het daar egter ander Voortrekkerdorpie in daardie gebied ontstaan en die omvang van die Potchefstroom distrik het kleiner geword. Van al die dorpe wat in dié tyd in die geweste ontwikkel het, insluitende Klerksdorp en Heidelberg, het Potchefstroom egter die belangrikste gebly (Potgieter, 1958, p.36).

2.2. Politieke woelinge.

Gepaardgaande met die vestigingsprobleme naamlik die bou van huise, aanlê van watervore, swak handel en verkeerstoestande, was daar ook politieke woelinge waarmee die nuwe Potchefstroom gemeenskap moes tred hou. Die dorp was aan die begin van die veertigerjare die middelpunt van al die groepe Voortrekkers wat verspreid oor die hele Oorvaalse gebied gewoon het. Juis daarom is dit te verstane dat stemme vanuit dié dorp sou opgaan om die onafhanklikheid van Transvaal te beskerm. Die Transvalers het Britse gesag na

die anneksasie van Natal in 1842 herhaaldelik afgesweer en besluit om hulle eie bestuur op te rig en hulself onafhanklik van die nuwe Britse bestuur in Natal te handhaaf. Hierdie handeling het aanleiding gegee tot die ontstaan van die eerste belangrike bestuurswetgewing in Transvaal, die Drie-en-Dertig Artikels wat die lig gesien het op 'n vergadering van 9 April 1844 te Potchefstroom (Van den Bergh, 1969, p.6). Hierdie Artikels was egter niks anders as 'n poging om leemtes binne die "Regulationen en Instructien, Voor den Regter of Magistraat, en de manieren van regtspleging voor het gemeenbesit van Port Natal, en diens omtrek", wat ook vir die Potchefstroom-Windburg gebied gegeld het, uit die weg te ruim (S.A. Argiefstukke, Natal No I, p.287). Dit het naamlik beoog om die samestelling van die laer- en appélhowe te reguleer en om 'n uiteensetting te gee van militêre, siviele en kriminele misdrywe en die strawwe daarvoor (Van den Bergh, 1969, p.10). In die jare wat hierop gevolg het, was die Drie-en-Dertig Artikels altyd as die wet van die Boeregemeenskap in Transvaal en derhalwe ook in Potchefstroom beskou, waarvolgens 'n voorkomende saak in die eerste plek beoordeel is (Pelzer, 1950, p.115).

Die Drie-en-Dertig Artikels was nie die enigste politieke woeling wat Potchefstroom in sy vroeë vestigingsjare deurgemaak het nie. In 1845 het Potgieter en sommige van sy volgelingen Potchefstroom verlaat en na die noordweste getrek waar hy gedurende Julie 1845 Ohrigstad aangelê het. Andermaal sou hy die stigter word van 'n beskawingsentrum in die binneland van Suid-Afrika (Van der Walt e.a., p.237). Op

die vooraand van hulle vertrek in Meimaand, het sy volgende op 'n openbare vergadering besluit om hom te verhef tot lewenslange hoofkommandant, dit wil sê militêre sowel as politieke leier. Die getalle van Potchefstroom en distrik is na hierdie verhuising van Potgieter spoedig aangevul deur intrekkers uit Natal (sien p. 28).

Die jaar 1852 was vir die Potchefstroomse en Transvaalse Voortrekkers baie belangrik toe die politieke geskiedenis van Potchefstroom verder kleur gekry het met die ondertekening van die Sandrivierkonvensie. Op 17 Januarie 1852 is die Konvensie deur die verteenwoordigers van Brittanje en Transvaal onderteken (Du Plessis, 1955, p.86). Dit het die absolute onafhanklikheid van die emigrante noord van die Vaalrivier gewaarborg. Brittanje het hom verbind tot 'n beleid van nie-inmenging ten opsigte van die aangeleenthede in gebiede benoorde die Vaalrivier. Die Konvensie het meegebring dat die doel waarmee die emigrante hulle in Potchefstroom en die res van Transvaal gaan vestig het, naamlik die verkryging van onafhanklikheid, verwesenlik is.

2.3 Groei.

Potchefstroom het aanvanklik stadig ontwikkel maar was tussen 1838 en 1860 steeds die belangrikste nedersetting in Transvaal. Teen 1848 was daar reeds ongeveer 40 woonhuise en drie jaar later het 'n besoeker aan die dorp berig dat daar ongeveer 50 woonhuise was. Teen 1852 het die getal aangegroei tot ongeveer 100 terwyl dominee D. van der Hoff

in 1853 opmerk dat nog nie 'n kwart van die erwe bebou was nie (Pelzer, 1950 p.177).

Opvallend in hierdie vroeë jare was die pogings om gepaardgaande met die ontwikkeling van die dorp 'n drukpers te bekom. Die moeite was nie tevergeefs nie. Op 15 Oktober 1859 het die Oude Emigrant vir die eerste keer in Potchefstroom verskyn (Haasbroek, 1955, p.36). In later jare het 'n aantal nuwe koerante in Potchefstroom verskyn onder andere De Potchefstroomer, De Transvaal Nieuws en Advertenziesblad en die Emigrant.

Gedurende die vroeë jare van ontwikkeling was daar geen sprake van 'n posdiens nie. In 1850 is vir die eerste keer 'n diens tussen Potchefstroom en Lydenburg ingestel. Naas die instelling self wou die regering hom so min as moontlik verdere bedryfslaste op die hals haal en moes uitgawes sover as moontlik beperk word. Landdroste het die opdrag gekry om met behulp van veldkornette die posdiens op die goedkoopste manier te beheer (Pelzer, 1950, p.165). In 1852 was ene Biddolph verantwoordelik vir die bedryf van 'n posdiens tussen Potchefstroom en Winburg waarvoor hy £40 per jaar ontvang het (Haasbroek, 1955, pp.32 - 33; Pelzer, 1950, p.165).

Aan die begin van die vyftigerjare was die aantal besighede in die dorp 'n kenmerk van die gesonde groei en vooruitgang van Potchefstroom. In teenstelling met die toestand tien jaar vroeër was die volgende handelaars toe in Potchefstroom

gevestig: C.G. Bosman, slagter; H.S. Lombard, algemene handelaar; J.P. Louw, algemene agent; Visagie en Greyling, slagter en die Lotters, saal- en tuiemakers (Rosenthal, 1963, pp.34 en 36).

Die dorp het op ekonomiese gebied egter al meer gevestig geraak en teen die einde van die vyftigerjare is vername besighede en 'n aantal kleiner winkels gehuisves. Potchefstroom was ongetwyfeld die brandpunt van die handel in die Republiek.

In dieselfde dekadde is die fisiese vooruitgang van die dorp weerspieël in die bou van Noordbrug oor die Mooirivier en die opening in 1860 van die eerste hotel, Die Royal Oak, geleë op die hoek van Kerk- en Lombardstraat, deur George Coulson. In die daaropvolgende jare het die dorp 'n groot aantal hotelle bygekry.

In 1858 het Potchefstroom politieke status verkry. Dit is vervat in die nuwe grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek in Januarie 1858 wat bepaal het dat Potchefstroom die hoofstad van die verenigde Republiek sou wees en ook die setel van die Wetgewende Liggaam en Uitvoerende Raad sou wees (S.A. Argiefstukke, Tvl. No. 3, pp.496 - 524, Artikel 17). Die 1858-Grondwet het 'n nuwe tydperk ingelei wat Transvaal op staatkundige gebied sy kinderskoene laat ontgroeï het. Nuwe amptenare, regulasies, prosedures en administratiewe sentralisasie het aan die regspleging 'n professionele voorkoms gegee. (Van den Bergh, 1969, p.12).

In dieselfde jaar is Artikel 17 van die grondwet egter gewysig en is die setel van die regering na Pretoria verskuif. Daar is tot die stap besluit omdat Pretoria meer sentraal geleë was. Die uitvoering van die besluit in 1860 het groot ontevredenheid in die Potchefstroomse omgewing tot gevolg gehad en tot so laat as 1866 het 'n plaaslike koerant daarop gewys dat die setel van die regering eintlik in Potchefstroom tuishoort (De Transvaal Argus, September 1866).

2.4. Ontwikkeling op die godsdiens- en onderwysgebied.

2.4.1. Godsdiens.

Die gesonde vooruitgang van die dorp het daartoe aanleiding gegee dat vooruitgang op kerklike- en onderwysgebied gestimuleer is. Die Potchefstromers was die eerste Transvaalse gemeenskap wat in November 1841 deur middel van kollekte-lyste geld ingesamel het vir die bou van 'n kerk. (Gerdener, 1930, p.536). Pas hierna, in Februarie 1842, het die Volksraad 'n kerkraad bestaande uit drie ouderlinge en vier diakens benoem. Die bevestiging van die Potchefstroomse kerkraad het die stigting van 'n afsonderlike gemeente ingelei, die oudste Voortrekkergemeente noord van die Vaalrivier. In Maart 1842 was die voorgestelde kerkgebou nog nie in aanbou nie en is daar waarskynlik nog onder seile kerk gehou. In Maart 1842 ontvang Potchefstroom ook vir die eerste keer besoek van 'n gevestigde leraar in die persoon van die Amerikaanse Voortrekkervriend, eerwaarde Daniel Lindley. Dit was 'n heuglike gebeurtenis waartydens 103

lidmate belydenis van geloof afgelê het en 189 kinders gedoop is (Haasbroek, 1955, p.43). Eerwaarde Lindley het die gemeente weer in Mei en Junie 1844 besoek.

In 1850 is die eerste kerkgebou in Transvaal in Potchefstroom opgerig. Die kerkie het op die noord-oostelike hoek van Kerkplein gestaan. Dominee John Murray van Pretoria het die inwyding behartig. Weeksdag was die kerkgebou as skool gebruik en wanneer die Volksraad in Potchefstroom byeengekom het, is dit in 'n vergadersaal omskep (Van der Walt, 1920, p.222). Op 27 Mei 1853 het dominee Dirk van der Hoff in Potchefstroom aangekom as die eerste gevestigde predikant in die dorp (Engelbrecht, 1942, p.43).

Die eerste kerkgebou was spoedig te klein vir die groeiende gemeente sodat daar 'n behoefte aan 'n groter kerk ontstaan het. In 1859 is besluit om 'n kommissie aan te stel om geld in te samel vir die oprigting van 'n groter kerk. Alhoewel die hoeksteen reeds in Desember 1859 gelê is, is hierdie kerk nie voor 1866 ingebruik geneem nie.

Alhoewel onsekerheid bestaan oor die presiese stigtingsdatum, het die Engelse Union Chapel reeds teen 1863 bestaan om die Engelse gemeenskap in die dorp te bedien.

2.4.2 Onderwys.

Gedurende die tydperk 1838 tot 1852 was die onderwys in Potchefstroom hoofsaaklik in die hande van die ouers, veral

die moeders gewees. In Julie 1852 het die eerste skooltjie met Hendrik van der Linden as permanente onderwyser geopen maar het in 1854 doodgeloop as gevolg van onderlinge twis tussen Van der Linden en Van der Hoff. Die uiteinde van die saak was dat Van der Linden Potchefstroom verlaat het en die dorp tot 1857, soos die geval was voor 1852, weer sonder 'n onderwyser gesit het.

Teen die middel van 1857 het dit egter gelyk of die onderwysprobleem opgelos was met die aankoms van ene A. Schuerkogel in Potchefstroom. Hy het in Julie weer 'n skooltjie geopen maar dié het spoedig in November van dieselfde jaar gesluit as gevolg van 'n pak slae wat hy 'n jong dogter toegedien het. Hy is onmiddellik ontslaan en sy appél na die Uitvoerende Raad het misluk (Haasbroek, 1955, p.40). Weereens was die dorp sonder 'n onderwyser en hierdie toestand het waarskynlik geduur tot in 1859 aangesien geen nadere gegewens aangaande die skoolonderrig aldaar gevind is nie.

In April 1859 is Van der Linden vir die tweede keer as onderwyser in Potchefstroom aangestel nadat hy op 7 April deur die Uitvoerende Raad van die Volksraad as goewerments-onderwyser benoem is (Lugtenburg, 1925, p.55). In dieselfde jaar het die regering volgens bepalings van die grondwet van 1858 verantwoordelikheid en gesag oor die onderwys oorgeneem en op 5 Mei 1859 'n Algemene Kommissie van Onderwys aangestel (Haasbroek, 1955, p.41).

In vergelyking met toestande in 1850 was daar teen 1860 nie net permanente onderwysers nie maar ook beherende liggame en wetgewing om onderwys beter te beheer en reguleer.

Daar is aan die godsdienst en onderwys 'n permanente beslag gegee, wat tot geestelike en intellektuele ontwikkeling gelei het en wat op hulle beurt weer aanleiding gegee het tot 'n gesonde samelewing, waarin vooruitgang en ontwikkeling kon geskied.

2.5 Administrasie.

Die eerste liggaam wat saamgestel was om sake ten opsigte van Potchefstroom te reël, was die kommissie wat Potgieter in 1838 benoem het om te bepaal waar die geskikste plek vir die aanlê van 'n dorp sou wees. Nadat hierdie kommissie sy werk voltooi het, is oorgegaan tot die stigting van die dorp in 1838. Die gereelde dorpsadministrasie en regspraak het waarskynlik pas daarna in aanvang geneem (Haasbroek, 1955, p.69). Dit was 'n gebruik onder die Voortrekkers om na die stigting van 'n dorp, persone aan te stel wat toesig oor die dorpsadministrasie moes hou. Hierdie amptenare in Transvaal was die landdros en sy heemrade, die veldkornette en kommandante wat 'n erflating was van die Betaafse bewind aan die Kaap en waarmee die Voortrekkers ten volle vertrouwd was. Die landdros was voor 1858 die enigste betaalde amptenaar in diens van die Volksraad en is deur die Raad self aangestel en nie soos die veldkornette of kommandante plaaslik verkies nie.

Die landdros het gesag oor feitlik alle sake gehad en om hierdie rede het hy 'n belangrike rol in die geskiedenis van Potchefstroom gespeel. Die eerste landdros in Potchefstroom was J.H. Grobler wat ook verantwoordelik was vir die uitlê van die nuwe dorp in Desember 1841 (sien p.12). Hoewel daar 'n landdros met sy heemrade in die dorp aanwesig was, was daar teen 1848 nog geen landdroskantoor nie (Van der Walt, 1920, p.218). Hieruit kan afgelei word dat die landdros sy administrasie vanuit sy huis gevoer het.

Die dorp was wat plaaslike bestuur betref baie afhanklik van hom en hy het 'n groot aandeel in die beheer daarvan gehad. As 'n amptenaar van die algemene regering het die landdros al sy instruksies van die Volksraad ontvang en nie van 'n dorpsraad of munisipaliteit nie. Teen 1860 was daar in elk geval nog geen sprake van 'n munisipaliteit of dorpsraad in Potchefstroom nie. Die Volksraad het die landdros met alle sake betreffende 'n dorp ingelaat en die mees algemene sake wat hy as verteenwoordiger van die Volksraad moes behartig het in verband gestaan met erwe, watervoorsiening, die skut, die mark, higiëne van die dorp en die handhawing van wet en orde.

As amptenaar van die Volksraad was die maak van plaaslike dorpsregulasies en die uitvoering daarvan in die hande van die landdros. In November 1857 het die landdros van Potchefstroom 'n stel dorpsregulasies geproklameer wat 'n wye veld gedek het en wat onder andere betrekking gehad het op die instandhouding van strate en watervore (sien p.66).

Die landdros was in die uitvoering van sy taak bygestaan deur ten minste vier heemrade wat saam met hom juridiese mag besit het (Haasbroek, 1955, p.71). Hy is verder bygestaan deur 'n mark-, skut-, wykmeester en waterfiskaal asook twee belangrike vroeë amptenare, die kommandant en sy veldkornette wat belas was met die militêre en polisiepligte, veral in die distrik. As landdros het hy hoofskap oor beide die algemene administrasie en regspraak van die dorp gehad en het hy toesig gehou oor die handhawing van wet en orde.

Hoewel die landdros nie 'n verkose amptenaar soos die veldkornette en kommandante was nie, het hy tog as vernaamste skakel gedien, nie net vir die Volksraad met die inwoners nie, maar ook as segsman van die distrik se belange by die landsowerheid.

2.6. Samevatting.

Die vooruitgang wat Potchefstroom gedurende die tydperk 1838 - 1860 beleef het word beklemtoon in 'n hoofartikel van die Staatscourant van 1 Julie 1859. "Dat de Zuid-Afrikaansche Republiek met rassche schreden vooruitgaat kan ieder onbevooroordeelde, die hier vóór eenigejaren geweest is en thans weder deze streken bezoekt, zonder moeite opmerken. Men heeft slechts Mooirivier te aanschouwen, nu of over vyf á zes jaren gelede, toen hier en daar een enkel tamelyk goed gebouw en voor het overigen slechts ellendige paalhuisjes Nu-de paalhuisjes verdwenen en fraaije winkels

en comfortable woningen, als uit den grond met een toverslag verrezen."

Uit bogenoemde berig blyk dit dus dat Potchefstroom teen die einde van 1860 n gevestigde dorpie was wat in die daaropvolgende twee dekades verdere uitbreiding en vooruitgang beleef het. Die gunstige toestand wat op sosiale en ekonomiese gebied geheers het met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in Desember 1880, het bewys gelewer van sy vooruitgang sedert stigting in November 1838.

Die jaar 1880 was n krisisjaar in die geskiedenis van Potchefstroom. In Desember het die eerste skote van die Vryheidsoorlog daar geklap en die rustige bestaan van die inwoners tydelik versteur. Die gevegte sou ongeveer drie maande duur en inwoners sou eers weer in Maart 1881 hulle rustige gang kon gaan. Hoe het hierdie dorpie, waar die eerste skote van die Oorlog geklap het, daaruitgesien? In hoofstukke drie tot sewe word hieraan aandag geskenk.